



## GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 1/21  
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregister by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It registered as such with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** [www kaap-voc.org](http://www kaap-voc.org). **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Kode: 106 012. Rek.no. 1145512305. Rek.naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

### Van die Redaksie

Ons verwelkom graag twee entoesiastiese nuwe lede by ons Stigting, naamlik (alfabeties) Dr Karen Jennings en Dr Rentia Landman. Dr Jennings, at present living in Brazil, is enrolled at the University of Johannesburg for a PhD degree in History. The life and work of Zacharias Wagenaer, Van Riebeeck's successor at the Cape, will be the subject of her research. Dr Landman van Pretoria, na 'n loopbaan in die onderwys en politiek, dien onder andere op die bestuur van die Genealogiese Genootskap van S.A. en die Voortrekkermonument se direksie.



Ons het met spyt verneem dat ons gewaardeerde lid Dr Francois Malherbe van Stellenbosch oorlede is. Fana en Wilma Malherbe het as lede aangesluit toe hulle nog in die mooi ou Boshof-huis in Boshoflaan, Nuweland gewoon het, en het nooit 'n vergadering of uitstappie van ons Stigting misgeloop nie. Fana was 'n bekende sjirurg en ook 'n entoesiastiese numismatis. Hoofstuk 21 'Munte in omloop aan die Kaap' in C. de Wet, J.L. Hattingh en J. Visagie (reds.): *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*, is uit sy pen; die VOC-munte wat die teks illustreer, kom almal uit sy versameling.

Spesiale besluite by komitee-vergadering op 5 Maart 2021:

- (a) ons Algemene Jaarvergadering vind plaas om 10:30 op Saterdag, 10 April 2021 by SASNEV, Sentraalplein, Pinelands. Lede word versoek om maskers te dra, hande by die deur te reinig en die COVID-vraelys in te vul. Daar is net 25 stoele, in die saal versprei. Die Agenda en 2020 se finansiële state sal vooraf aan lede gestuur word.
- (b) Lede wat twee jaar agterstallig is met die betaal van hul ledegeld, sal na een aanmaning van die lys verwyder word.
- (c) Ons komitee is nou uitgedun tot 'n getal wat minder is as wat ons grondwet vereis, en is drie jaar laas aangevul. Ons versoek dringend dat drie vrywilligers asseblief by die Sekretaris aanbied om die vakatures te vul, anders is die Stigting VOC besig om tot sy einde te kom. Die werk is grootliks raadplegend. Ons grondwet maak voorsiening vir 'korresponderende

lede,’ sodat dit moontlik is vir iemand wat in Skotland woon om per e-pos aan die komitee se besprekings deel te neem.

Dank aan almal wat bydraes tot hierdie *Generale Missive* gemaak het.

## Collectors Corner



## **Free Burgher Certificate of Ernst Heger, 1731 (Document size: 41cm x 32cm.)**

The following is a literal translation of the certificate:

‘N:s Leij

*Jan de La Fontaine, Governor at the behest of the United Netherlands Chartered East India Company at the Cape of Good Hope and its domains, and the Council, make known.*

*As Ernst Heger of Soest at the Lipstad, who arrived here in the year 1720 on the ship de Haring Thuijn as a soldier at f9 per month, has urgently requested to be released from the Company's service and be accepted as a burgher, and has served the Company with the proper diligence; So it is that we hereby graciously accede to his request to earn his living here or elsewhere by any of the permitted trades, with the understanding that he does not request any freehold land from the Honourable Company, which will also reserve the right unto itself, whenever he may be needed or if his behaviour is not proper, to reappoint him in his previous*

*position and at the same wages; he will furthermore be subject to all such edicts and decrees concerning the burghers which have already been promulgated or may afterwards be instituted.*

*Executed at the Castle of Good Hope the 11 October 1731.*

*J: de la Fontaine*

*By order of the Honourable Lord Governor and the Council*

*R: Tulbagh*

*Councillor and Secretary.'*

The 48 stuiver VOC Cape (colourless) embossed revenue stamp (top, right) is signed by Nicolaas Leij, who was the First Sworn Clerk in the Secretariat, until he resigned in 1737 due to ill health.

The VOC soldier Johannes Ernst Heger from Soest became a free burgher and baker in 1731. He married the widow Anna Bockelberg in 1729, and passed away in 1737. Their only child Theodorus was born in 1730. Theodorus had four children and eight grandchildren.

The document is signed by Jan de la Fontaine, who was Secunde from 1721, acting Governor of the Colony from September 1724 to February 1727, and Governor from March 1730 to 31 August 1737, when he passed away.

Ryk Tulbagh signed as Secretary of the Council of Policy. In 1728, at the age of 29 years, he became a member of both the Councils of Policy and of Justice. He was also the Secunde of the Colony when he was appointed Governor on 27 February 1751, and passed away, a capable and generally popular administrator, twenty years later, on 11 August 1771.

There is a VOC Cape seal affixed in red wax (bottom, left). It shows the VOC logo, a sailing ship and the initials letters CDGH (Caab de Goede Hoop). The same device can be seen engraved in blue slate inside the Catzenellenbogen bastion of the Castle; it probably used to surmount the original entrance. - Dr. Mike Barter.


Sources:

C.G.de Villiers en C. Pama: *Geslagsregisters van Ou Kaapse Families, deel 1.* Kaapstad, 1966.

G.C. de Wet (red.): *Resolusies van die Politieke Raad, deel 8.* Pretoria, 1975.

J. Hoge (ed.): *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806.* Archives Year Book, Pretoria, 1946.

## Affuite vir die Seinkanonne



Kaart: C 200 Bylae tot die Resolusies... 26.7.1792.(WKARD).

Foto: G. de Vries.


Die sketsplan van 'n houtslee (links) waarop die VOC se seinkanonne gemonteer moes word, is in 1992 eerste deur die MA-student André Muller aan die wêreld bekendgestel. (S.A Muller: Die VOC se seinstelsel aan die Kaap, 1652-1795.' Ongepubliseer. U. Stell.) Dit was 'n nuttige stuk werk, en vorm vandag die grondslag van wat ons weet van daardie seinstelsel en die tientalle voorlaaier-kanonne wat op 'Kanonkoppe' op plase in die Wes- en Suidkaap, voor openbare geboue of private eiendomme ten toon gestel word. Daar was jare lank 'n geloof dat hulle gebruik is om boere te roep om hul produkte Kaap toe te bring omdat daar skepe in die baai is. Dié mite, soos meer as 'n dosyn ander, het nog glad nie uitgesterf nie. Iets soos 'n atoombom is nodig om 'n Kaapse mite uit te wis.

Die rare wrak van 'n affuit (regs) kom van die plaas *Hooggelegen* in die Tygerberg. Dit is nie 'n slee nie, let op die oorblyfsel van 'n wiel. Hoe oud? Raaiskote is van geen nut in geskiedenis nie; Geskiedenis (dokumente in enige vorm) en Wetenskap (koolstofdatering) kan miskien tot 'n ooreenkoms probeer kom.

### The Isolated Life of the Dutch on Deshima (Part 1)

While originally receptive to European trade, in the 1630s the Japanese shogunate began to feel that the growing popularity of Christianity posed too great a threat to the authority of its ruler. As a result, a series of *kaikin* (maritime prohibitions) were issued, which forbade Japanese subjects from either sailing abroad or returning from overseas, on pain of death. By 1639 this closed foreign policy had extended to the point of all foreign traders being ousted, excepting the Chinese and the Dutch. The Portuguese, with whom the Japanese had been trading for a century, were particularly unwelcome, since it had been their Jesuit missionaries who had aided in the spread of Christianity. Persecution began as early as 1597 when 27 catholic missionaries (including three young boys) were crucified and pierced with spears. Even so, by the 1620s in Nagasaki alone there were up to half a million people who identified as Christian. A public means of rooting them out was devised, whereby every inhabitant of the city was made annually to step on a brass image of Christ or Mary, named a *fumie* (see illustration of a badly-worn *fumie*). Those who refused to do so were tortured by hanging them upside down over a pit filled with excrement. Slits were cut into their temples to release

the pressure, since death was not the intention – the aim was to break their resolve. In total about 2000 individuals refused to renounce their faith and died as martyrs.



The VOC, on the other hand, had left religion out of their dealings with the Japanese, a diplomatic move which had meant they were seen as non-threatening. Still, in 1641 they were told that if they wished to remain in Japan, they would have to move from their trading post at Hirado and instead be confined to a small man-made island in the bay of Nagasaki. Because of the great profits to be accrued from trade with the Japanese, the VOC was willing to have its employees put up with any humiliating and uncomfortable situation.

And uncomfortable it was. This island, called Deshima<sup>1</sup> ("projecting island"), though known as *oranda heya* ('Dutch lodge') or *oranda yashiki* ('Dutch mansion') by locals, had been constructed by order of the shogun and at the expense of 25 wealthy citizens to whom the VOC paid an annual rent of roughly 200kg of silver. It was 233m x 70m, comprising no more than four streets, rarely had more than 15-20 inhabitants, and was surrounded by a palisade. Deshima's famous fan shape is said to be because the shogun, upon being asked what form the island should take, had silently opened his fan in response. No one was allowed to leave the island without permission – the single gate connecting it to the mainland was manned day and night by Japanese guards. Christianity was not allowed to be practiced, and no women were allowed on the island – already in 1639 all Dutch women and children had been made to leave the country. However, from time to time prostitutes from the Maruyama quarter were brought to the island and were allowed to stay the night, leaving early the next morning.

Beyond an annual trip to Edo to pay homage to the shogun and present him with gifts, and a few outings to search for medicinal herbs in fields on the mainland, VOC employees were little more than prisoners of the island, held captive by the whims of the shogun and the governors. -Dr Karen Jennings.

#### References:

Blussé, Leonard, "Peeking into the Empires: Dutch Embassies to the Courts of China and Japan." *Itinerario* 37.3 (2013), 13 – 29.

<sup>1</sup> There is some debate over the spelling of Deshima being outdated and that the preferred version is now Dejima. However, since all of the sources I consulted used Deshima, I have elected to do the same.

- Curvelo, Alexandra, "Nagasaki/Deshima after the Portuguese in Dutch accounts of the 17th century." *Bulletin of Portuguese-Japanese Studies* 6 (2003), 147-157.
- Tan, Yvette, "The Japanese Christians forced to trample on Christ." *BBC News* 24 November 2019: <https://www.bbc.com/news/world-asia-50414472>
- Veldman, Jan E., "A Historical Vignette: Red-Hair Medicine." *ORL Journal for oto-rhinolaryngology and its related specialties* 64 (2002), 157-65.
- Viall , Cynthia, "Daily Life of the Dutch in Canton and Nagasaki: A Comparison Based on the VOC *Dagregisters* and Other Sources." *Itinerario* 37.3 (2013), 153 – 171.
- Wahid, Abdul, "The Dutch's 'Floating Life' on Deshima Island." *Jurnal Kajian Wilayah* 6.1 (2015), 1-16.

### **Hoeveel was genoeg?**

Hoeveel fisiese skakeling was daar tussen Kaapse Koina en Europe rs van besoekende VOC-skepe, byvoorbeeld op die Tafelbaaise strand in die halfeeu v r Van Riebeeck? Die taalkundige Prof. M.C.J. van Rensburg se interessante teorie, dat die saad van die Afrikaanse taal reeds gedurende di  tyd en tydens sulke fisiese kontak gesaai is, is ter sake. Hoeveel aangesig-tot-aangesig gesprekke was nodig om so-iets moontlik te maak? Dit kan aanvaar word dat Prof. Van Rensburg die beste taalwetenskaplike metodes gebruik het om tot sy besluit te kom. Op daardie gebied is ek 'n leek, en ek het nog nie Prof Van Rensburg se boeke gelees nie,<sup>1</sup> net opsommings en aanhalings, maar ek stel in die onderwerp belang en is van mening dat praktiese historiese omstandighede in gedagte gehou behoort te word. Was daar genoeg skakeling, genoeg tyd, genoeg gesprek?

Ek noem enkele fisiese aspekte wat ter sprake kom wanneer daar gedink word aan vroeg-sewentiende eeuse skepelinge wat in Tafelbaai aan wal gaan. Dit sal nie deug om net op Gaastra, Bruijn en Sch ffer: *Dutch-Asiatic Shipping*, vol 1-3. (GRP 165-167) se lyste te steun, soos amateur-historici geneig is om te doen, vir inligting en statistieke nie; di  bron het gebreke en is nie geskryf om taalhistoriese teori  te bewys of weerl  nie. Stawende getuienis kan moontlik in skepe se dekjoernale gevind word.

Wat besoeke aan Tafelbaai betref moet onderskei word tussen uitvarende skepe en tuisvarende skepe. Uitvarende skepe het met die Klein Ystyd se omstandighede te doen gehad; die Noordelike deel van die Noord-Atlantiese oseaan was buitengewoon stormagtig.

Landsvolk het aan boord gekom met skeurbuik onder lede, en is daarna in aansienlike getalle op see dood. Weens sterftes en siektes sou 'n skip Tafelbaai met verminderde en verswakte personeel bereik. Daardie deel van die reis het ongeveer vyf maande geduur.

Met tuisvarende skepe was die situasie heelwat anders. Retoerskepe, na 'n kort reis (ongeveer drie maande) uit 'n tropiese streek (Ceylon, Batavia), het nie altyd die behoefte gehad om Tafelbaai binne te gaan nie, en dikwels (tot n  1652 nog) verby gesteek St Helena-eiland toe, om te benut wat die Portugese lank tevore daar geplaas het. Retoerskepe wat wel Tafelbaai in loop, sou vind dat dit daar hoogsomer (Februarie, Maart) is, dit is winderig, warm en droog, met min natuurlike groenigheid en min lopende water in die stroompies en spruite.

Tafelbaai het geografiese probleme opgelewer, naamlik die seisoen, die daaglikse weer, die rede, die wind en die strand. Hier was geen enkele maritieme fasilit t om skeepsdiens en landings te vergemaklik nie. Roei-en seilbote op die rede was onbeskut teen die gev arlike seisoenale wind; die strand voor die waterskepplek was oop, met sterk branding. Skeepsbote en -skuite moes beskerm word dat dit nie in die branding omslaan of water skep nie; as 'n boot verlore gaan was daar geen manier waarop die landingsparty weer die skip kon bereik nie. As die weer sleg was, moes geduldig op goeie weer gewag word; die suidoostewind kon die rede 'n week op 'n keer vir seilbote onveilig maak, wat afgewissel is

---

1. M.C.J. van Rensburg: *So kry ons Afrikaans*. Pretoria, 2012; M.C.J. van Rensburg: *Van Afrikaans gepraat*. Pretoria, 2018.

met doodstil dae wanneer met roeispante alleen gewerk kon word. Winterstorms uit die noordweste is makliker buite as binne die baai oorleef, dikwels was daar nie genoeg ankers aan boord om strandings te verhoed nie.

Kontak met die inwoners kon net na 'n veilige landing geskied. Waarom wou sewentiende eeuse skepelinge in Tafelbaai aan wal gaan? Daar moes 'n behoefte aan water, brandhout of 'groente' aan boord wees. Vleis was 'n toevalsigheid, afhanklik van die teenwoordigheid van inheemse herders aan wal. Die herders was nomade, wat met vee getrek het op soek na weiding; die vee is nooit gevoer nie, en omdat min weiding in die hoogsomer beskikbaar is, nie in die beste kondisie nie.

Hoeveel Europeërs het aan wal gegaan? Net soveel as wat die diens vereis, omdat genoeg bemanning aan boord moet bly om die skip see toe te neem as weer en wind dit vereis of dit te verdedig as dit aangeval sou word. Wie was aan wal nodig? 'n Bootsbemanning van ses en 'n kwartiermeester, een of twee offisiere wat van hul wagte gespaar kan word, die skip se boekhouer ('seur'), die kuiper, ernstig-siekies (nie noodwendig die sjirurgyn nie), af en toe 'n huisvaarder met die opdrag om Kaapse plante te versamel en genoeg soldate om die landingsparty en hul besittings te beskerm. Op Schmalkalden se tekening (1648) van 'n landing (nie noodwendig 'n juiste weergawe) is sestien Europeërs van drie skepe te sien.

Was skakeling met die inheemse mense nodig? Die Koina was landgebonde. Die landingsparty kon met hul boot en 'n treknet in die Soutriviermond visvang. Siekes is in 'n tent aan wal versorg. Die watervate is met skepbekers en tregters gevul uit 'n plas agter die voorste duine waar kommandeur Wagenaer later 'n dam laat bou het. Brandhout was nodig vir die kombuis; die verlangde hout was 'duinehout' of 'stronkhout' wat met pik en graaf uitgespit moes word. Bogenoemde take kon verrig word sonder om met die inwoners te skakel, en ek het nog nooit 'n argivale verwysing teengekom dat die plaaslike bevolking aan bogenoemde prosesse deelgeneem het nie (maar die ondersoek duur voort).

Wanneer het die gesprekke tussen Europeërs en inwoners waarop Prof. van Rensburg se teorie rus, plaasgevind? Slagdiere wat van die herders geruil is, is aan wal geslag en gekuip om vervoer te vergemaklik; 'gesprekke' (wat waarskynlik handgebare en klanknabootsing ingesluit het) het moontlik tydens so 'n ruil-en-slagproses gebeur, soms is enkele inwoners na die skip toe geneem waar hulle met kos, drank en tabak onthaal is, en soms is 'n brief aan 'n individu vir bewaring oorhandig. Die aantal Nederlandse skepe wat Tafelbaai in die tydperk van ongeveer 50 jaar binnekloot het is naasteby bekend; wat nie bekend is nie is hoeveel landings daar tydens dié besoeke was, hoeveel ontmoetings met Koina tydens die landings gebeur het, hoeveel gesprekke tydens die ontmoetings plaasgevind het, en hoeveel tyd aan gesprekke bestee is.

## Nuwe boek

P. van Aardt & E. Ridge: *Hugenote aan die Kaap. ... dese wilde en woeste landen.* Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika. 2020.




Verskeie lede van ons Stigting stam aan vaderskant of moederskant van die Franse Hugenote af. Die klein groepie Kaapse Hugenote het 'n invloed buite verhouding tot hul getalle gehad en betekenisvol en omvangryk bygedra tot die ekonomiese en kulturele klimaat in Suid-Afrika. Hulle verhaal van moed en morele krag het trefkrag oor die grense van tyd, plek, etnisiteit en geloof heen. (Agterblad.)

‘Hierdie boek vertel met deeglike navorsing, helder formulering en gesofistikeerde ontleding die aangrypende verhaal van die gruwelike vervolging van die Hugenote in Frankryk en die vestiging van ongeveer driehonderd van hulle aan die Kaap gedurende die laat-sewentiende eeu. Alhoewel hulle nie hul taal kon behou nie, het hulle ’n groter bydrae as die vryburgers van die Nederlandse Republiek of Duitse state tot die materiële en maatskaplike ontwikkeling van die Kaapse nedersetting gelewer. Hierdie volume boekstaaf die Hugenote se plek in ons geskiedenis op ’n uitmuntende wyse.’ - Prof. Hermann Giliomee.

‘Hierdie is ’n toeganklike narratief met besondere diepgang oor die Hugenote geskiedenis. Dit wemel van nuwe insigte en verskaf ’n magdom van kennis oor die ryk geskiedenis van ’n groep Europese immigrante wat na Suid-Afrika gekom het.’ - Prof. Albert Grundlingh.

Die boek is beskikbaar in Afrikaans, Engels en Frans. Dit kos R350 (BTW en posgeld uitgesluit) en kan by [verkope@huguenotmuseum.org.za](mailto:verkope@huguenotmuseum.org.za) bestel word.

## Uit die Akademie



Liefhebbers van die vroeë Kaapse geskiedenis is goed vertroud met die gespierde prosa wat mens in Jan van Riebeeck se befaamde Dagregister kan lees. ‘n Neweplesier van navorsing doen oor die VOC Kaap is dat mens die wonderlik beeldende Nederlands van skrywers uit die 17de en 18de eeu kan lees – ‘n tyd toe mense nog nou saam met die natuur geleef het,

wat duidelik blyk uit hul beeldspraak. Nou kom Olf Praamstra (‘n kenner van die Oos-Indiese literatuur) en Eep Francken (wat heelwat oor Suid-Afrikaanse letterkunde gepubliseer het, insluitende Van Riebeeck se Dagregister) met ‘n pleidooi dat ‘De tweede schrijver van de Zuid-Afrikaanse literatuur’ (*Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 25, 2, Desember 2018) ook die erkenning moet kry wat hy verdien.

Die skrywers verskaf ‘n bondige oorsig van Zacharias Wagenaer (1614-1668) se roemryke loopbaan in die Nederlandse koloniale wêreld van die middeldekades van die 17de eeu. Ná ‘n jaar in diens van die groot kaartemaker, Willem Jansz. Blaeu, vergesel hy graaf Johan Maurits van Nassau na die noordooste van Brasilië, toé nog ‘n Nederlandse kolonie onder beheer van die WIC. Hier is hy werkzaam as kunstenaar in diens van die graaf en maak verskeie tekeninge van die flora, fauna en mense van dié land. Hierdie materiaal is egter eers in die 20ste eeu gepubliseer as sy *Thierbuch*, in 1964 in Brasilië, met ‘n Portugese vertaling, en weer 1987 in Engels.

In 1643 tree Wagenaer in diens van die VOC waartydens hy onder meer in Tonkin (Viëtnam) en China gestasioneer is en stellig Jan van Riebeeck in die loop van sy werkzaamhede teëgekom het. Die hoogtepunt van sy loopbaan bereik hy as opperhoof van die VOC se buitepos op Desjima in Japan gedurende die 1650’s. Die Nederlanders was die enigste Europese mag wat toegelaat is om in Japan (onder baie streng voorwaardes) handel te dryf en in sy hoedanigheid as opperhoof ontmoet Wagenaer dan ook die Japanse keiser. Weens sy streng administrasie van Desjima, verdien Wagenaer in hierdie tyd die bynaam ‘Donnerman’.

Alhoewel slegs in sy laat 40’s, was Wagenaer se gesondheid swak en is hy teen die 1660’s as bejaard beskou. Gevolglik vra hy self om Van Riebeeck se opvolger aan die Kaap te word in die hoop dat die klimaat bevorderlik vir sy gesondheid sou wees. Ná die prag en praal van die

Ooste, is die Kaap egter vir hom ‘n groot teleurstelling en het sy gesondheid glad nie verbeter nie, terwyl hy ook sy vrou aan die dood moes afstaan gedurende hierdie tyd. In 1666 vra hy sy ontslag, en is slegs ‘n paar maande ná sy aankoms in Patria oorlede.

Danksy die ywer van dr. Anna Böeseken, kan enigeen Wagenaer se Kaapse loopbaan bestudeer aan die hand van die wetenskaplik-versorgde uitgawe van sy *Dagregister en Briewe, 1662-1666* (Pretoria, 1973). Francken en Praamstra spandeer die grootste deel van hul artikel aan ‘n analise van die letterkundige uitbeelding en taalgebruik van Wagenaer se Dagregister (wat hy, ten spyte van sy Duitse agtergrond, in Nederlands gehou het). Onder andere verdien hy die eer as die eerste ‘poëet’ (sy woord) van die Kaap van wie daar ‘n gedig behoue gebly het, geskryf vir die geleentheid van die lê van die eerste steen van die nuwe fort. Sonder enige ironie bring hy die klassieke Oudheid by:

*Wij loven 't groot bestier en seggen met malkander*

*Augustus heerschappij noch winnet Alexander*

*Noch Cesars groot beleijt zijn noyt daermee gewaerd*

*Met leggen van een steen op 't eijnde van de Aard.*

Enige persoon wat met aandag Wagenaer se Dagregister lees, kom gou agter dat dit hier gaan om ‘n man wat enigsens lewensmoeg en selfs met tye sinies en geïrriteerd was. Ná die luisterrykheid van die Japanse hof, moes die Kaap ‘n swak indruk op hom gemaak het. Gereeld kla hy oor die gedrag van die vryburgers (‘vroegh bedorven luije en verlopene gasten’) en die Koikoi (‘onbeschofte stoute gasten’). Ten spyte van die enigsins pessimistiese toon (vergeleke met Van Riebeeck se óór-optimisme), bly Wagenaer se prosa ‘n plesier om te lees danksy die beeldende beskrywing wat geáárd is in die werklikheid van die 17de-eeuse mens. Hier beskryf hy, met gepaste beeldspraak, die aankoms in die Kaapse hospitaal van ‘n aantal matrose wat aan skeurbuik ly en gevolglik nie in staat was om te loop nie: ‘...op handen en voeten langhs het hooft quamen nae binnen kruijpen, hakende en snakkende na een blaetje groente of een lepeltje vol melcx, gelijck de visch na het water doet.’

Dit is werklik jammer dat hierdie skrywer, wie se loopbaan feitlik die hele Nederlandse koloniale ryk bestryk het, nie beter bekend en gemind is nie. Prof. G. Groenewald

*Belangstellendes kan ‘n kopie van die artikel aanvra by [ggroenewald@uj.ac.za](mailto:ggroenewald@uj.ac.za)*

*Behouwde vaert / Selamat jalan*

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

Maart 2021